# VRAE OM SPROKIES OF FANTASIE-VERHALE TE ONTLEED

A. VERTELLER

1. Wie is die verteller?
Alwetende volwassene / Een van die karakters self / Iemand wat die storie oorvertel
2. Is die perspektief van die verteller geloofwaardig? Hoekom?
3. Wie is die leser / luisteraar?
Kind / Adolessent / Volwassene
4. Wat is die funksie van hierdie soort vertelling?
5. Wat doen die verteller om hierdie leser / luisteraar se aandag te trek?
6. Watter soort taal gebruik die verteller om by hierdie leser / luisteraar te pas? (Noem voorbeelde uit die teks self)
7. Is die verteltrant tipies van Afrika of van Europa? Kyk na die struktuur van die verhaal en motiveer u antwoord met voorbeelde uit die teks.

B. RUIMTE

1. Is die plek waar die storie afspeel duidelik of vaag? Noem voorbeelde uit die teks.
2. Is die ruimte landelik of stedelik? Hoekom?
3. Is daar 'n towerruimte (fantasie-ruimte)? Hoekom?
4. Is die ruimte staties (bly dit dieselfde) of dinamies (verander dit)?
5. Is daar dinge in die ruimte wat simboliese betekenis dra? Noem dit sonder om te bespreek.
6. Het die natuurbeelding 'n ekologiese perspektief (is daar 'n eenheid tussen mens, plante, diere en elemente soos vuur, reën, wind, water)?

C. TYD

1. Is die tydsaanduidings vaag of duidelik?
2. Oor hoeveel ure / dae / weke / maande / jare speel die verhaal af? Noem spesifieke voorbeelde uit die teks.
3. Speel die storie in die verlede / hede / toekoms af? Noem voorbeelde.
4. Wanneer begin en eindig die storie?
5. Hoe begin en eindig die storie?
6. Vind die handelinge chronologies (een ding na die ander) of siklies (storie binne 'n storie) plaas? Noem voorbeelde uit die teks.

D. KARAKTERS

1. Het die karakters name? Hoekom (nie)?
2. Is die karakters "rond" (ontwikkel hulle) of "eenduidig" (argetipes wat lewenswaardes uitlig)?
3. As die karakters argetipes is, watter tradisies of lewenswaardes word deur hulle uitgelig? Motiveer met voorbeelde uit die teks.
4. Hoe sal die bedoelde leser / luisteraar identifiseer met hierdie karakters?
5. Pas hierdie karakters in die ruimte (voorkoms, optrede, kleredrag). Noem enkele van sy/haar karakter-eienskappe.
6. Is die karakters dierlik / menslik / tussenin ('n mengsel dus)? Hoekom?
7. Het enige van die karakters (diere of mense) towerkrag? Hoe pas dit by die kind se behoefte aan fantasie en verbeelding?

E. SIMBOLIEK

1. Funksie van simboliek in sprokies.
2. Wat is die tema(s) van die storie? Wat is dus die dieper betekenis?
3. Watter plekke / dinge / name het simboliese waarde (om op onbewustelike vlak lewenswaardes aan die leser / luisteraar oor te dra)?
4. Noem spesifieke voorbeelde van simboliek en pas dit dan toe op dinge in die storie self.
5. Is die dinge net fisies of het hulle ook geestelike waarde? Noem spesifieke voorbeelde.
6. Hoe help hierdie simboliese dinge die leser om te ontwikkel of groei in lewenswaarhede?

© Dr. Estelle Kruger (2014) ekruger@sun.ac.za